Hoe om ’n draadkettie te maak

Seuns geniet dit altyd om met ’n kettie te skiet. Laat hulle self ’n draadkettiie maak.

? Stappe

1. Jy benodig dik draad, ’n tang, ’n stukkie leer en twee rekkies, asook ’n pons of skêr om gaatjies te maak.



2. Buig die draad met die tang.



3. Maak gaatjies deur die leer met ’n pons of skêr en druk die rekkies deur.
4. Haak die rekkies deur die ogies van die draad en buig toe.



5. Lekker skiet!

☺ Wenke

1. Om die draad te buig, is moeilik. Seuns van graad 5 behoort sterk genoeg te wees om die draad te kan buig.
2. Hou kompetisies om te kyk wie ’n blikkie kan raakskiet.
3. Jy kan die kettie as deel van ’n handwerk- of handvaardigheidspesialisasie maak. Dit kan ook gebruik word by die hantering van gereedskap (tang).

☠ Waarskuwings

1. Stel die reëls duidelik: Jy mag nie na enige persoon of gebou skiet nie. Jy kry ’n teiken om na te skiet.
2. Indien die reëls nie nagekom word nie, word die kettie afgeneem.